

Skriflesing: Esegïel 9Teks: **Esegïel 9:4,10, 11****Sing- Ps. 145:1, 11,12; Ps. 45:1,2,3; Ps. 86:3,8; Ps. 138:3,4**

Verlede keer het Esegïel dinge met die oë van die Here gesien. Broeder en suster, dit was verskriklike dinge, geskok het hy bewus geword van al die dinge wat werklik in Jerusalem aan die gang was. U sal onthou hoe die Here Esegïel aan sy kuifhare gepluk het in die gesigte wat Esegïel tot in sy diepste wese sou raak. Die afgodsbeeld wat by die hek vir die afgod Asarja opgerig was, daarna 70 ouer manne wat veronderstel was om die oudstes te wees, ouderlinge in hulle tyd, maar hulle is in 'n geheime kamer met 'n geheime agenda besig. Met wieroekpanne in die hand word daar offers en rook vir die afgode gebring, gode wat in allerhande gestaltes voorgestel was. Allerhande goggas, katte, honde, krokodille, kewers, bulle, kalwers was op hierdie broeders se lys.

Hoe hartseer om selfs die naam Jaasanja onder die name van hierdie 70 te moes lees. Hulle wat huisvriende van die profeet Jeremia was, Jaasanja se pa was deel van die familie wat in die tyd van Josia 'n hervormer was, naby die Here wou hulle leef. Nou staan hy in sy broederkring baie vër van die Here af. Nie net was die manne met die gruwelike afgodery in hulle geheime raad bymekaar nie, maar Esegïel het ook gesien 'n groep vroue (8:14), wat die Tammus beweën. Manne en vroue staan skouer aan skouer in die ontering van God, elk op hul onderskeie afgode plekke. In die slot van hfst. 8 was van die ergste ook die jongmense, wat met hulle rug na die tempel gestaan het, die jeug van daardie tyd is besig om openlik die son te aanbid. 25 van hulle staan daar, hulle buig aanhoudend ooswaarts in die rigting van die opkomende son.

Man en vrou, jonk en oud, huidige leiers, toekomstige leiers, die rapport wat Esegïel moes saamstel staan benede die stand van Sodom en Gomorra. Die Here was nog bereid om oorweging aan Abraham se versoek te verleen dat sou daar net 10 regverdiges in Sodom wees die stad nie verwoes sal word nie. Hier in Jerusalem, ja Jerusalem van alle plekke het hulle laer as Sodom gedaal. In v.9 dan lees ons hoe die Here dit Self stel- *Die ongeregtigheid van die huis van Israel en van Juda is buitengewoon groot...* Dit raak land en stad, want lees ons ook- *die land is vol bloedskuld, die stad is vol regsverbreking...* En land en stad is nie net hiermee besig nie, maar die ergste wat daar kon wees is om God in die wese van sy bestaan te misken. Daar word openlik verkondig dat die Here nie sien nie en dat die Here die land verlaat het. Dit staan weereens weergalmend teen Israel in sy volle bestel dat hulle nie erken

dat alleen God die Here is nie. Israel doen allerhande vreemde en verskriklike dinge op grond van hulle verskriklike geloof, ja dit is 'n geloof wat daar in Israel was dat God ons verlaat het.

Hierdie geloof soos Esegïel dit in Israel en in besonder in Jerusalem met sy eie ore moes hoor, het hom in hfst. 9 gebring by wat die heerlijkheid van God aan 'n mens doen. Die heerlijkheid van God is iets wat verdedig moet word. Die heerlijkheid van God word in die hoofstuk op drie maniere na vore gebring. God openbaar sy heerlijkheid deur wat ons kan noem die kruis op mense se voorkoppe te plaas. Soos wat God sy heerlijkheid openbaar so word Sy heerlijkheid tegelykertyd verdedig. God verdedig sy heerlijkheid deur te wys op daardie verskriklike slagting wat daar plaasvind op man, vrou en kind wat dit sonder die kruis nie maak nie. En Esegïel word geroep om God se heerlijkheid verder uit te dra deur ook hierin as tussenganger, 'n tipe van middelaar na vore te tree.

Dis dan ook ons drie hoofgedagtes- Eerste-

God openbaar sy heerlijkheid deur die kruis te plaas:

Nou moet ons die heerlijkheid van God goed raaksien, broeder en suster, in wat 7 geregsdienaars, ja 7 engele teenoor 'n hele stad gaan doen. Alles gebeur simbolies, die opdragte, die getalle, die voorkoms, hierin is duidelike simboliek wat 7 reg teenoor 70 man stel. 70 wat moes lei, maar hulle sit in 'n geheime byeenkoms, met geheime planne, geheime bedrogte en gedrogte, verval in 'n geheime mistieke godsdiens, nou staan hierdie 7 direk teenoor die 70! Hierdie 7 maak geen geheim wat nou gaan volg nie.

Tog word die 7 nie almal eenders gesien nie, een van hierdie 7 is Iemand besonders! Aangrypend is Hy wat hier na ons kom, want die oorblywende 6 dra elk 'n verwoestende wapen in sy hand, maar Hy wat die sewende is, Hy is die Geroepene van God, nie met 'n swaard nie, maar ons lees Hy was met linne bekleed en die skrywer se inktpot aan sy heupe gebind. En ons hoor wat moet Hy doen- V.4- *En die Here sê vir hom: Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem en maak 'n teken op die voorhoofde van die manne wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word.*

Broeder en suster, God se heerlijkheid is aan die werk. Niemand kan God inperk nie. In vers 3 lees ons hoe God se heerlijkheid opstyg en die verskriklike wat nou gaan gebeur is

dat God op die punt staan om die kerk van daardie tyd, ja God wys deur sy heerlikheid heen hoe Hy die tempel gaan verlaat. 'n Tempel sonder God kan dit nog 'n tempel wees. Kan die kerk sonder Christus nog kerk wees?! Op geen wyse sal dit meer kan wees wat alleen God daarvan kon maak nie.

God praat baie hard, want het Esegïel dit sommer al eerste gesê, hoe God hardop geroep het. Die wapens wat uitgedeel word tot vernietiging staan gereed, verwoestend sal dit in die hande kan wees van hulle wat nou mooi moet luister. Die geregsdienaars wat God aangestel het word nader geroep. Al sewe kom te voorskyn en tog die Een met die inkpot is die Een wat God openbaar ook as die troue Verbondsgod. Dit is nie dat Hy die Een is wat genade verleen nie. Nee, Hy bedien die genade wat daar reeds vir ons by God die Vader is. Selfs in die allergrootste krisis, dan is Christus die Een wat ons die Vader se goedheid en genade openbaar. Hy gee aan ons dit wat God van Hom geëis het. God het geëis dat daar aan sy reg voldoen moet word. Die kruis op Golgota was die finale daarvan.

Nou moet ons versigtig wees om nie soos die Remonstrante hier die dwaling te verkondig dat Christus eintlik maar genade bewerk het en dat God die Vader sonder Christus nie die God van genade sou kon wees nie. Beslis is dit God die Vader wat genade skenk, Hy bewerk genade, Hy deel genade uit, maar Hy sal dit nie sonder Christus doen nie. Christus het die prys moes betaal, nie dat God 'n God van genade kon word nie... God is nog altyd wat Hy is, nog altyd die God ook van genade en dit is nie waar soos die Remonstrante sê dat Christus het by God die reg gekoop om nou ook genadig te wees nie. Wel, het Christus ons vrygekoop van die straf wat daar op ons was, die straf dié het Hy nou op Hom geneem.

Ons wat hierdie Man met die linnekleed hier voor ons sien, watter genade as God aan Hom die opdrag gee om die sugtendes op hulle voorkoppe te merk. God wat op die punt is om die tempel uit te gaan, sy heerlikheid vertoef nog 'n oomblik op die drumpel van die tempel. In oomblikke na hierdie verskyning het die Here nie meer op die versoendeksel van die ark getroon nie. God gaan die hele tempel uitbeweeg en is reeds op pad as Esegïel dit alles bemerk. Op die drumpel gebeur dit nou dat God dan eers nog weer genade betoon. God wat Sy oordeel inhou as Hy hulle sien wat werklik swaarkry, wat werklik honger en dors na die geregtigheid. Hulle wat treur is hulle wat

deur Jesus in sy eerste preek salig gesprek is. Die treur begin waar mense hulle eie armoede besef. *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word...* Dit wat Jesus gepreek het, staan nie maar net as deel van die Nuwe Testament nie. In die Ou Testament is Christus hier die Man met die inktot aan sy heupe, sy linnekleed dui op hemelse oorsprong. Hy spreek salig, Hy vertroos...! Hy deel die teken uit...

Ons besef die Een wat hierdie woorde gesprek het, is ook Hy wat hier die linnekleed aanhet as Hy saam met ses ander in Jerusalem dieselfde God van mag maar ook van genade bedien. Hy wat nie 'n verwoestende wapen in die hand hou soos die ander geregsdienaars nie, maar wat met die wapen van die Woord na ons toe kom. Hy sal kom met wat geskryf staan. Sy wapen is die Woord, die Woord wat magtiger is as die swaard. Hy die Skrywer en die inktot aan sy heupe wat sal merk hulle wat nie vernietig sal word nie. Die merk is 'n enkele kruis, in ons terme dui die Hebreeus soos ons X lyk- die liggende kruis, dit kom op die voorkoppe. Ander verklaar weer dit is die laaste letter van die Hebreeuse alfabet- die *taw* (T) teken wat aangebring is. Hulle wat hierdie genade, hierdie teken nie kon verdien nie, maar wel so daarna verlang. 'n Enkele teken op hulle voorkoppe... Hulle word getroos, die Here vergewe hulle al hulle oortredinge. Dit deur 'n enkele merk. Tog is Hy Wie die merk maak, die Een wat werklik sal saak maak.

Dit gaan maar nog deurentyd oor hulle wie se name in die boek van die lewe geskryf staan. Vroeër was hulle ook dié waarvan die bietjie hare in die soom van Esegïël se jas weggele was. Al is die Here eintlik reeds op pad, Hy staan reeds op die drumpel, tussen hulle en God 'n enkele drumpel van sy teenwoordigheid, maar net dit is genoeg! Daar gebeur dit by die drumpel....Daardie druppel ink op die voorkop moet die wêreld laat dink! Die God wat waarlik goed is- *'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is-* staan in die Nederlandse Geloofsbelydenis Art 1. God ken sy eiendom, hulle wat aan Hom behoort. Elke een sou gemerk wees, die Man met die inktot sou niemand oorslaan nie. God sal nie 'n enkele een van die uitverkorenes ooit verbygaan nie. Watter troos om dit te mag weet, dat al is ek in die sendingveld, al is ek met die werk van evangelisasie besig, dat God ons swakke werk sterk sal maak. Al slaan ons so maklik iemand oor, ons gaan so maklik die mense verby by wie ons eintlik moes stilstaan, ons kan getroos weet God sal jou nie oorslaan nie, hy/sy wie aan God behoort.

Wanneer ons bely dat Christus sy kerk vergader, beskerm en onderhou dan moet ons terselfdertyd besef dit wat Christus alleen kan doen, doen Hy op 'n volkome wyse. Die merk wat nou nog ons onderskei, broeder en suster, hoe deurgrond werk God, want steeds gaan dit om 'n enkele teken, nl. die kruis. Wanneer Paulus hieroor praat dan gaan dit steeds om Hom met die inktpot, maar meer nog, nie maar net die kruisteken wat Hy gemaak het nie, maar Hyself het aan die kruis gekom-1 Kor.2:2- *want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.*

Die man met die inktpot sê in die laaste vers – *Ek het gedoen soos U my beveel het...* Hy gee volledige rapport, maar broeder en suster, ons moet vers 10 saam met vers 11 lees. Die hand wat gedoen het, staan saam met die oog wat nie verskoon nie. Ons kan eintlik nie anders as om die geheel van hierdie gebeure in Esegïël 9 ook terug te bring na wat daar in Egipte gebeur het in die aanloop tot die laaste plaag. Toe was dit wel nie 'n persoonlike merk op die voorkop nie, maar elke verbondshuis moes aan sy deurkosyne gemerk wees met die bloed van die geslagte paaslam. Daardie nag het die engel wat die dood gebring het hierdie huise verbygegaan wat die merk aan hulle deurposte gedra het. Die Here verskuif van huis na hoof, dit word 'n al hoe meer persoonlike merk, die mens word persoonlik na omgesien, want God het 'n hand wat op sy volk rus, maar Hy het ook 'n oog wat sy kind nie verskoon nie.

Dikwels lees ons in Esegïël God se hand wat op Esegïël kom, dan is dit die goeie van God se hand, maar ons weet van God se hand wat ook verskriklik kan wees, wat alles kan platvee. Ook in Egipte het die Egiptenare later so 'n respek vir God se hand gehad, dat toe God die plaë bring wat hulle towenaars nie kon na-aap nie, toe sê hulle- dit is die vinger van God. As hulle vir die vinger soveel respek moet hê, hoeveel te meer is die geweldige wat daar van God se hand uitgaan. Dit het dan reeds ons tweede gedagte ingelei-

God se heerlijkheid word nie net geopenbaar nie, maar ook verdedig!

Hulle wat deur God geken is, is gemerk. Hulle is onder die beskerming van die kruisteken geplaas. Die een kant van die opdrag, ja die een kant van die amp is uitgevoer, maar die gerig van God, die straf van God is net so onlosmaaklik aan die genade van God verbonde. Die vergelding van die goddelose is 'n verdediging van God

se heerlijkheid. Dit wat Simeon vir Maria by die geboorte van die Here gesê het- dit gebeur alreeds- *Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word* (Luk 2:34). Die keersy van die amp is waar daar ook ondergang, vernietiging en pyniging sal wees. Selfs tot op die laaste sal dit so wees, as die verlostes in die wêreld jubel en God ewig sal prys dan is daar ook die ander kant, *waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.* (Mark 9:44). Die laaste rapport sal dan weer wees soos die wat ons in Esegiël gelees het- *Ek het gedoen soos U my beveel het...*

Die oudstes in hulle geheime vergadering, die vroue met hulle Tammus-trane, die jonges met hulle rug na die tempel besig om voor die son neer te buig, God sal hulle almal tref. Die oortreding wat God teen hulle almal bevestig is die feit dat hulle God nie meer as die Here bely nie. God het ons verlaat, daarom ons afgode, maar die tweede tafel van die Wet, is net soveel ter sprake. Waar mense op andere trap, die afval in die gemeenskap word deur God by name uitgewys. Die stad is vol regsverbrekeing (v9), vol bloedskuld, wanneer mense nie meer weet dat waarheid en liefde altyd bymekaarhoort nie. Mense wat vir die waarheid hulleself hoog opgee, maar as dat gaan om die betoning van liefde dan word daar nie 'n vinger verroer nie. Vir die kampioene van die waarheid word daar dikwels harde applous gegee, maar die grootmeesters in die betoning van liefde gaan dikwels eensaam en hartseer weg.

Die Here se oog sal nie verskoon nie. Die Here sien al hierdie dinge. As Esegiël skryf dat God se oog *sal nie verskoon nie...* dan skryf Esegiël se tydgenoot Jeremia ook oor God se oog- Jeremia skryf aan die ander kant, juis vanuit Jerusalem in dieselfde tyd- 3:12- *ek sal julle nie donker aankyk nie...* God se oog wat donker kan word, watter verskriklike gedagte wat ons ook in hierdie land mee moet reken. Wat kan meer verskriklik wees as die besef dat God my donker aankyk...Onder die hand van die Here wat kan slaan is dit alreeds verskriklik, maar dan is dit nog nie sy oë wat ons donker aankyk nie! Solank God nog met sy hand ons slaan dan is daar nog tyd vir berou en bekering maar as God sê *dat my oog sal nie verskoon nie*, dan is God se lankmoedigheid, sy geduld, ook ten einde geloop. Dit wat daardie 6 moet gaan doen wat staan in die teken van my oog sal nie verskoon nie.

En dan begin God se oordeel, juis by sy huis. By die tempel, 'n feit waarop ek nie nou kan uitbrei nie, maar het ons v.6 die woorde goed gehoor wat die Here sê- *...begin by my heiligdom...* En dan begin dit juis by hulle wat daar in hulle geheime raad, God van afwesigheid wou beskuldig.

Hulle wat nie met die ink van die Here geskryf staan nie en dit was 'n geweldige slagting toe die Babiloniërs in 587/586 v.C. die simboliese slagting van hierdie 6 geregsdienaars 'n werklikheid gemaak het. Ons sluit dan af met wat Esegïël hier doen- hy tree in- Ons laaste gedagte is-

Esegïël word die tussenganger om God se heerlijkheid verder uit te dra:

Verse 8-10 beskryf dit alles. God wat sy heerlijkheid wegneem, Esegïël wat hierdie heerlijkheid moet opneem. Ons lees hoe Esegïël baie hard uitgeroep het- *Ag, Here, HERE, gaan U die hele oorblyfsel van Israel vernietig...* Soos Abraham wat vir Sodom moes intree, doen Esegïël dit ook. Ag, daar is so baie wat as middelaars na vore moes tree. Moses, Amos, Jeremia, maar wat Esegïël besef hier gaan God nie verskoon nie. *My oog sal nie verskoon nie en Ek sal nie spaar nie....* God se oog slaan oneindig vêr – ons sal dit ook nou besing- *Hy slaan, hoewel oneindig hoog, op hul die oog wat nederig lewe. Maar sien van vêr die kleinheid aan van groothedswaan wat hoog wil strewe...*

Broeder en suster, die volgende keer sal ons hier dieper op moet ingaan. Twee dinge wat weggaan, die man met die linnekleed, wat beteken sy weggaan en wat beteken die weggaan van die Here se heerlijkheid uit sy tempel. Dit wat ons met ons oë na moet kyk as God sê dat sy oog sal nie verskoon nie, terwyl sy hand alles gedoen, ja in Jesus Christus het ons God hoor sê- *Ek het gedoen soos U my beveel het...*

AMEN